G. G. no. 6223

GOVT. GAZETTE NO. 6223

No. 2309 24 November 1978

NATIONAL MONUMENTS ACT (ACT 28 OF 1969)

DECLARATION OF FORT AHRENS, UMVOTI, NATAL

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare Fort Ahrens, also known as Fort Perseverence or Esikanisweni, together with a surrounding strip of 10 metres in width, in Umvoti, Natal, to be a national monument.

*Description*

The ruins of Fort Ahrens, together with a surrounding strip of land 10 metres in width, situate on Lot A of the farm Perseverence, in the County of Umvoti, Province of Natal, and in extent sixty-two (62) acres, one (1) rood, nine (9) perches.

Deed of Transfer 197/1925, dated 22 January 1925.

*Historical and architectural interest*

These ruins are the remains of Fort Ahrens or Fort Perseverence, better known locally as Esikanisweni Lager. Fort Ahrens was erected in the sixties or seventies of the nineteenth century, not for military purposes, but as a refuge for the civilian population. And the farmers of the neighbourhood did in fact avail themselves of it during the Zulu War (1878–79) and the Bambatha Rebellion (1906). Most similar civilian refugees have had to give way before continuing urban expansion, with the result that these ruins are virtually unique today. They provide a remarkable link with early colonial Natal. 10/2/621.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 2309 24 November 1978

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE (WET 28 VAN 1969)

VERKLARING VAN FORT AHRENS, UMVOTI, NATAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Fort Ahrens, ook bekend as Fort Perseverence of Esikanisweni, tesame met 'n omringende strook grond 10 meter breed, in Umvoti, Natal, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die bouval van Fort Ahrens, tesame met 'n omringende strook grond 10 meter breed, geleë op Perseel A van die plaas Perseverence, in die county Umvoti, provinsie Natal, en groot twee-en-sestig (62) akker, een (1) roede, nege (9) 'perch'.

Transportakte 197/1925, gedateer 22 Januarie 1925.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie bouval is die oorblyfsels van Fort Ahrens of Fort Perseverence, in die omgewing beter bekend as Esikanisweni-laer. Fort Ahrens is in die jare sestig of sewentig van die negentiende eeu opgerig, nie vir militêre doeleindes nie, maar as 'n toevlugsoord vir die burgerlike bevolking. Die boere van die omgewing het dan ook gebruik daarvan gemaak tydens die Zoeloeoorlog (1878–79) en die Bambaat-opstand (1906). Die Meeste soorgelyke burgerlike toevlugsoorde moes swig voor die voortgesette groei van ons dorpe en stede, met die gevolg dat hierdie bouval vandag bykans uniek is. Dit bied 'n merkwaardige skakel met die vroeë koloniale geskiedenis van Natal. 10/2/621.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

2